

# MEMORANDUM

**AAN:** Student binne die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe  
**VAN:** Me MC Loxton (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)  
**INSAKE:** **Dekaansvergunningseksamen**  
**DATUM:** 2018/2019

---

Die beleid tov die toekenning van 'n Dekaansvergunningseksamen word soos volg in die Jaarboek Deel 4 uiteengesit:

## **HUISHOUDELIKE REGLEMENT VIR DEKAANSVERGUNNINGSEKSAMEN**

*Die Dekaan kan 'n dekaansvergunningseksamen (skriftelik of mondeling) aan 'n finalejaarstudent toestaan, indien die student die helfte (of minder) van 'n vak waarvoor hy/sy in daardie jaar geregistreer is op óf eerste- óf tweede- óf derde- óf vierdejaarsvlak (tot 'n maksimum van 24 krediete) ter verwerwing van 'n graad/diploma/sertifikaat kort.*

*Die reglement insake dekaansvergunningseksamens word soos volg toegepas: In die geval van*

- 'n eksamenvak moet 'n eksamenpunt in die relevante module(s) gedurende die betrokke akademiese jaar verwerf word;*
- 'n module waar buigsame assessering toegepas word of waar die klaspunt as prestasiepunt geld, moet 'n prestasiepunt van minimum 40% gedurende die betrokke akademiese jaar verwerf word;*
- 'n jaarvak, mag die aantal krediete nie die helfte van 'n eerste- óf tweede- óf derde- óf vierdejaarsvlak (tot 'n maksimum van 24 krediete) oorskry nie. [Maw 12 krediete op eerste-, 16 krediete op tweede- en 24 krediete op derde- en vierdejaarsvlak.]*

*Indien die ekwivalent van die "halwe vak" in verskillende jaarvlakke (en vakke) val, is dit in die diskresie van die Dekaan om die vergunning toe te staan, met dien verstande dat die maksimum getal vraestelle in dié geval nie twee vraestelle/assesseringsgeleenthede mag oorskry nie [bv Sosiologie 212(8) en Politieke Wetenskap 354 (12)].*

*Ten einde vir 'n dekaansvergunningseksamen te kwalifiseer moes die student die vak in sy/haar finale akademiese jaar gevolg het en tydens een van die twee eksamengeleenthede gesak het. 'n Dekaansvergunningseksamen sal nie toegestaan word indien die student nie vir toelating tot die eksamen gekwalifiseer het nie. Indien die student die dekaansvergunningseksamen(s) slaag, word 'n prestasiepunt van maksimum 50% toegeken.*

*Alle studente wat 'n graadprogram binne die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe volg is onderhewig aan die dekaansvergunningsbeleid van hierdie Fakulteit – ongeag of die vak wat vir graaddoeleindes uitstaande is onder 'n ander fakulteit ressorteer.*

*Die volgende modules word uitgesluit van 'n dekaansvergunningseksamen:*

### **Departement Drama**

*Teatervaardighede 378 en 388*

### **Departement Musiek**

#### Hoër Sertifikaat in Musiek

*Orkespraktyk 191*

*Praktiese Musiekstudie A 111 en 121*

#### Diploma in Musiek

*Algemene Musiekleer 191*

*Musiekopvoeding 171*

*Orkespraktyk (alle modules)*

*Praktiese Musiekstudie A (alle modules)*

*Praktiese Musiekstudie S 221 en 261*

## BMus

*Diensleer 496*

*Komposisie 379 en 479*

*Musiekopvoeding 178*

*Musiektegnologie 379 en 479*

*Orkespraktyk (alle modules)*

*Praktiese Musiekstudie A (alle modules)*

*Praktiese Musiekstudie E 196 en 296*

*Praktiese Musiekstudie S (alle modules)*

*Repertoriumstudie 389*

## **Departement Visuele Kunste**

*Alle jaarmodules word uitgesluit van 'n dekaansvergunningseksamen. Slegs die semestermodules van Elementêre Fotografie en Hulptegnieke kan vir 'n dekaansvergunningseksamen in oorweging geneem word.*

Let asseblief daarop dat 'n bedrag per module betaalbaar is by die toestaan van 'n Dekaaansvergunningseksamen. Die bedrag moet so spoedig moontlik by die kassiere in Blok A van die Sentrale Administrasiegeboue inbetaal word. Die gelde sal outomaties op u rekening gehef word.

### **Dekaansvergunningseksamen(s) vir ('n) module(s) wat onder die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe ressorteer:**

Die inligting omtrent studente wat vir ('n) Dekaaansvergunningseksamen(s) kwalifiseer sal teen ongeveer **25 Januarie 2019** aan departemente verskaf word. Indien u op grond van bogenoemde beleid vir ('n) Dekaaansvergunningseksamen(s) kwalifiseer, sal die betrokke departement(e) u teen einde Januarie 2019 / begin Februarie 2019 kontak ten einde die nodige reëlins vir die aflegging van die eksamen te tref. **Moet asseblief nie die betrokke departement(e) op hierdie stadium kontak nie – hul sal wel teen voorgenoemde tydperk met u in verbinding tree.**

### **Dekaansvergunningseksamen vir 'n module wat onder die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ressorteer:**

Indien die module, waarvoor u 'n Dekaaansvergunningseksamen moet aflê, onder die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ressorteer, moet u asseblief **dié fakulteit se webwerf raadpleeg** vir inligting omtrent die afleggingsdatum en -tyd van die dekaansvergunningseksamen.

Indien u twee modules, wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, gesak het, sal u ongelukkig nie vir 'n dekaansvergunningseksamen kwalifiseer nie. Die rede hiervoor is dat die dekaansvergunningseksamens vir alle modules in dié fakulteit op een dag en tydgleuf afgelê word.

### **Dekaansvergunningseksamens vir modules wat onder beide die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ressorteer:**

Indien u twee modules gesak het en die een module resorteer onder die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe en die ander module ressorteer onder die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, sal u (met inagneming van die DVE-beleid) moontlik vir Dekaaansvergunningseksamens kwalifiseer.

In geval van die **Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe** sal die **betrokke departement u kontak** om die nodige reëlins vir die aflegging van die dekaansvergunningseksamen te tref.

Vir aflegging van die dekaansvergunningseksamen tov die module wat onder die **Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe** ressorteer, moet u asseblief **dié fakulteit se webwerf raadpleeg**.